

*Brief van ds. S. J. du Toit aan sy broer D. F. du Toit, Julie 1910.*

Onlangs het ondergetekende 'n met potlood geskrewe brief van ds. S. J. du Toit, wat hy op 5 Julie 1910 aan sy broer Daan, die bekende Oom Lokomotief van *di Patriot*, gerig het in 'n ou nommer van „Stemmen des Tijds” gevind.

Hierdie brief is in meer as een opsig van historiese waarde. Dit is bekend dat tussen ds. Du Toit en sy broer destyds as gevolg van politieke verskille 'n verwydering ontstaan het wat gelei het tot die uittrede van Oom Lokomotief uit *di Patriot*. Alle bande is daarmee egter nie verbreek nie.

Op die familieplaas Kleinbos, waar die du Toits reeds sedert 1692 gewoon het skryf 'n teleurgestelde yweraar aan sy broer Daan om raad. Hier volg die brief:

„Kleinbos, 5.7.10.

„S. J. du Toit an Daan, —Groetenis met beste wense.

„Waarde Daan,—jou briefie met 2 tydskrifte te Somerset O. ontvang. in dank. Ek denk die Disputasie is goed afgeloop; sal in 'n boekie gedruk word. O.a. het ek fan Ds. Andersson fan Vrijheid 'n lange telegram gehad en foorgelees, dat di foorgewende „Wonderen fan één Dag” en al di genesings daar ferrig deur Broeder Tom deur hom ondersoek en „Leugenachtig bevonde” is. Dit het natuurlik 'n grote sensasie ferwek. Br. Lake en Henry v.d. Walt was mijn opponente.

„Hiir nog alles wel, behalwe Marie. Op raad fan Dr. Hammsum het ons haar na Strijdenbur ggestuur fer droger lug. Ongelukkig was dit net met di buitengewone koue, sodat sij na 'n week erger teruggekom is. Nou is sij tuis, mar trots alle middele is sy ni beter nie. Di arme kind lij baing en is erg neerslagtig daarbij.

„Di broeders fan Lindley het nou besluit — na fergeefse poging om follens ons Nederl. Geloofsbelijdenis (feral Art. 7 in ferband met 29 en 32) tot Gods Woord *alleen* en *geheel* terug te keer en dus met *afdoen* fan alles wat *toegedaan is* en omgekeerd) — om nou die Ned. Ger. Kerk te bedank en 'n „Geref. Kerk onder 't Kruis” te stig. Ek dink Frankfort en Heilbron sal folg. Ek het nou alweer 12 *nuwe* ansoeke om di prediking fan di suiwere Geref. leer, waarfan 7 uit Di Vrijstaat.

„Met belangstelling ferweg ek jou insigte omtrent mijn werksaamhijd. Soseel kan ek intussen sê, dat werk deur di pers dusfer ni betaal ni; ons mense lees te min en betaal te sleg. Hoewel ek moet erken, dat *intekenare* en *lesers* fan *Stemmen* gestadig toeneem; met elke nommer word deur fele met belangstelling gelees. Tog sofer ek kan siin het mijn rondgaan en spreek dusfer meer nut gestig as mijn skrywe, hoewel rondrijs teen mijn aard is. Mar ek wil mij graag deur Gods Gees laat lij en di Gees spreek ook deur medebroeders. Molik moet ek eers sofeel gemeentes stig, dat 'n plaasferfanger huile kan bediin, sodat ek hulle mar ééns

per jaar besoek en verder met di pers werk. Wat feral feel nut skijn te doen is di *Huiskerk*. Ons mense is diip, diip onkundig in geestelike sake. Dit lijk of daar ook almeer behoefte gevoel word an 'n degelike en onpartijdige *weekblad* op gristelike grondslag; maar Ernst het blykbaar di moed nie, om dit an te fat ni. Oek hiir'o'er sou ek graag jou opini wil weet.

„Onder felerlij drukte geen tijd te skrijwe sofeel as ek sou wens ni. Dus hartelike groete fan ons alle. Gedenk an Marie

„Jou Broer,

„Groete ook an Hennie en Gesin.

S.J.d.T.”

---

Ons wil hierby enkele opmerkings maak.

Op 16 Junie 1910 het daar te Somerset-Oos 'n disputasie tussen 'n aantal apostoliese broeders en ds. Du Toit plaasgevind waar o.a. die kinderdoop, Geestesdoop, gebedsgenesing, noodsaak van belydenisskrifte, ens., ter sprake gekom het. „Broeder Tom” was een van die „Faith Missionaries”, Thomas Hezmalhalch, wat in Vryheid (Natal) genesingswonders sou verrig het volgens sy aanspraak in 'n traktaatjie, *Wonderen van een dag te Vrijheid*. Die plaaslike N.G. predikant Anderssen, het aan ds. Du Toit getelegrafeer dat „alle bekende gevallen van genezing in traktaatje van Broeder Thom vermeld onderzocht en leugenachtig bevonden' (zijn).” Die voorlees van hierdie telegram het, in stryd met die reëls, applous uitgelok.

Ds. Du Toit het op sy oorspronklike en deeglike manier die broeders te woord gestaan. Na sy dood is in *Stemmen des Tijds* (Julie-Okt. 1911) die Disputasie gedeeltelik gepubliseer en later afsonderlik oorgedruk. Ds. Du Toit moes voldaan gevoel het om op hierdie wyse die leer van Gods Woord en die gereformeerde belydenis te kan deurgee. Dit was nie 'n vergeefse werk nie.

Aan die einde van sy lewe het allerlei slae sy gesin getref. 'n Seun het gesterf en sy dogter Marie het longtering opgedoen. Desondanks het hy al sy kragte gegee aan sy perswerk en voortgegaan om aan die Gemeentes onder 't Kruis hulp te bied.

Op 17-19 April 1910 het hy Lindley besoek en daar lesings gehou oor die onvervulde profesieë. Soos bekend was ds. Du Toit 'n voorstander van chiliasme en sy invloed is nog tot vandag in Lindley merkbaar. Op 'n vergadering van geesgenote op 18 Jan. 1911 te Lindley is daar 'n brief van ds. Du Toit voorgelê waarin hy twee moontlikhede genoem het, òf om direk by Die Gereformeerde Kerk aan te sluit, òf om 'n Gemeente onder 't Kruis te stig. Die broeders in Lindley liet die laasgenoemde pad ingeslaan.

Te Frankfort het 68 N.G. lidmate op 13 Febr. 1911 'n brief van bedanking aan die Ned. Geref. Kerk onderteken, wat vermoedelik opgestel was deur C. M. de Beer, R. J. van Rensburg, S. L. J. van Rensburg, M. A. J. van Rensburg en G. H. Muller.

Omdat hierdie brief interessant is en baie dinge vermeld waarteen ds. Du Toit gestry het, laat ons dit hieronder volg:

Aan de Kerkeraad der Ned. Geref. Gemeente  
van Frankfort.

Eerwaarde Heeren,

Wij, ondergetekende verzoeken u onze namen van Lidmaten Register af te nemen, aangezien wij hierbij verklaren ons van de Ned. Ger. Kerk af te scheiden om de volgende redenen:

1. Omdat de Ned. Ger. Kerk niet meer de drie Merktekenen der ware Kerk draagt, volgens Art. 29 der Nederlandsche Geloofsbelijdenis welke zij erkent als een harer Belijdenis schriften (Art. 1 harer Kerkwetten) namelijk:

a. Zij oefent niet meer de reine predikatie des Evangelies zooals gemelde Nederlandsche Geloofsbelijdenis zulks bepaalt (Art. 7) veeleer vertoont zy in dezen het merkteken ener valsche Kerk door dien zy aan zich in hare ordonantien (Wetten en Verordeningen) meer macht en autoriteit (gezag) toeschryft dan aan het woord Gods en zich aan het juk van Christus niet wil onderwerpen. Volgens onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis is de H. Schrifture de enige en algenoegzame heilsopenbaring Gods waaraan men niets mag toedoen en waaraan men niets mag afdoen (Art. 7) in de gemeente Christi. In stryd hiermede zien wy daaglik onschriftuurlike leeringen en praktyken by toeneming de overhand nemen in de Ned. Ger. Kerk, waardoor zy alles toedoet aan Gods woord en dus de algenoegzaamheid der Schrifture, en daarmede de Schrift zelve verwerpt, die op zodanige algenoegzaamheid aanspraak maakt. Daarintegen worden grondleerstukken van Gods woord en onzer Belydenis zooals de leer der verkiesing en verwerping, 's menschen onmacht ten goede van de vrymachtige en onwederstandelike werking des H. Geestes by de waarachtige bekeering en wedergeboorte, de leer der biezondere genade die van de volharding der heiligen, de verbondsleer, enz. der mate verzaakt in de Ned. Ger. Kerk dat de meerderheid harer leden ja zelfs Kerkraadsleden die leerstukken niet meer kennen, erkennen en gelooven, maar dikwels zelfs loochenen en bestryden. Over de Profetiën in verband met de tekenen der tyden en Christus naderende toekomst, wordt haast nooit gepredikt, op deze en dergelijke wyzen, wordt van Gods Woord afgedoen en is de Ned. Ger. Kerk aan haar eigen belydenis ontrou geworden.

b. Zy gebruikt niet de reine bediening der Sacramenten, gelyk ze Christus ingesteld heeft maar vertoont ook in dezen veeleer het merkteken ener Valsche Kerk daarin dat zy de sacramenten niet bedient gelyk Christus in zyn woord verordent heeft, maar zy doet daar af en toe, gelyk als het haar goeddunkt byvoorbeeld door het weglaten van onmisbare deelen van doop en Avondmaal Formulieren door verwaarlozing van de Verbondsleer, waarop onze kinderdoop gegrond is, door van de doop een koopwaar te maken, door het rondragen van brood en beker in de kerkbanken waardoor het naderen tot en het aanzitten aan de Tafel des Heeren feitelik aan de kinderen Gods ontnomen wordt.

c. Zy gebruikt de kerktucht niet om de zonde te straffen maar vertoont ook hier het merkteken eener valsche Kerk door degenen te vervolgen die heiliglik leven naar het woord Gods en die haar bestraffen over

hare gebreken, en gierigheid. Waar wordt byvoorbeeld nog bestraft in de Ned. Ger. Kerk wegens onzuiverheid in de leer? Waar zou men dan beginnen en waar eindigen? Maar O wee hem die om des gewetens wil voor God getuigt tegen dwaalleer of koophandeldryvery in de Ned. Ger. Kerk. Voorbeelden hoe de zodanige gehoon en gesmaadt en vervolgt worden zien wy dageliks.

2. Wy gevoelen ons gedwongen de Ned. Ger. Kerk te verlaten omdat volgens onze Nederlandsche Geloofsbelydenis Art. 32 „Zy die regeerders der Kerk zyn zich wel moeten wachten af te wyken van hetgeen ons Christus, onze eenige Meester geordineerd heeft. En daarom verwerpen wy alle menschelike vonden en wetten die men zoude willen invoeren om God te dienen en door dezelve de gewetens te binden en te dwingen in wat manier het zoude (mogen zyn)”. In stryd hiermede heeft de SYNODE der Ned. Ger. Kerk, als de hoogste wetgevende macht, ons een dik boek van eigen „Wetten en Verordeningen” opgelegd in stryd met Gods Woord en met de beginselen van gereformeerde kerkrecht. En ook hierin het merkteken eener valsche kerk vertoonde schryft zy aan hare ordinantien meer macht en autoriteit toe dan aan Gods Woord en grondt zich meer op de menschen dan op Christus.

3. Wy gevoelen ons gedrongen de Ned. Ger. Kerk te verlaten juist door de belydenis die zy zelve ons heeft afgenomen namelijk dat wy van harte die leer der kerk geloven en belyden en dat wy ons voorgenomen hebben, door Gods genade by deze leer te blyven Art. 1 en Art. 186 van de kerkwetten der Ned. Ger. Kerk van de O.V.S. en Art. 28 der Nederlandsche Geloofsbelydenis eist ons af te scheiden van diegenen die niet van de ware leer zyn en ons te voegen by de kerk die nog de merktekenen der ware keerk draagt. Wy verlaten dan ook niet de kerk onzer vaderen maar verlaten de Ned. Ger. Kerk, juist omdat zy niet meer de Kerk onzer vaderen is, maar van de zuivere leer en instellingen der vaderen is afgeweken, waartoe wy wenschen terug te keren; tot de oude heilsweg waarop wy de voetstappen wenschen te volgen van de geloofswandel van onze vroomen vaderen.

4. Wy verlaten de Ned. Ger. Kerk omdat wy ons niet langer thuis gevoelen in een kerk waarin koophandeldryvery de boventoon voert, haast alle genademiddelen voor geld verkocht in het huis des gebeds aldus tot een huis van koophandel gemaakt wordt.

5. Wy gevoelen ons geroepen door Gods Woord en Geest onder de drang van ons geweten de Ned. Ger. Kerk te verlaten omdat alle afwykingen en alle pogingen tot wegruimen daarvan tot heden vergeefs waren en de Arminiaanse dwalingen en onbybelsche en ongereformeerde nuwighede dageliks meer de overhand nemen en daar de Gemeente Christi een lichaam is, wy door langer in gemelde kerk te blyven tegen overtuiging van ons geweten aan hare zonden zouden gemeenschap hebben en van hare plagen ontvangen (Openb. 18:4; Jes. 48:20-22; 52:11, 12; Jer. 51:6; 2 Cor. 6:14-18; Heb. 13:12-14). Wy gaan dus niet uit willekeur maar uit nooddwang en met een bloedend hart; niet in de duisternis maar op de heldere middag; niet twyfelmoedig maar in blyde geloofsmoed, steunende op ons trouw Bonds God en de leiding van zyn Woord en Geest. Wy blyven bereid ten allen tyde rekenschap te geven van voorgaande getuigenis; en

roepen allen die wenschen getrouw te blyven aan 't geloof eenmaal der heiligen overgelewerd met ons te gaan.

Onze getuigenis is hierby gegeeven met woord en daad.

Wy blyven voor u bidden.

Die indruk wat selfs deur sommige „kruisdoppers” gewek is naamlik dat dit vir hulle net om die Duisendjarige Ryk gegaan het. word deur bostaande brief weerspreek. Ds. Du Toit was 'n pleitbesorger van die ou gereformeerde waarheid en het die arminianisme in die heilsleer, en die kollegialisme in kerkregering bestry. Daarby het die beskouing van die „onvervulde profesieë” 'n bepaalde plek gekry. Later, toe die meeste „kruisdoppers” by Die Geref. Kerk aangesluit het en nie meer so sterk teen eersgenoemde dwalings moes stry me, het die chillasme vir hulle die eerste plek ingeneem.

Aan die kerkstigting te Frankfort was ook politieke aspekte verbonde. Punt 1c sinspeel waarskynlik op die moeilikheid tussen die sogenaamde hands-uppers en die N.G. kerkraad.

Die dood van ds. Du Toit was waarskynlik 'n belangrike rede dat daar te Heilbron nie 'n Kruiskerk geformeer is nie. Die feit dat daar na sy dood nie vir hom 'n plaasvervanger was nie, het daartoe bygedra dat die Gemeentes onder 't Kruise hul selfstandigheid spoedig moes opgee. Ds. Du Toit wou nie alleen 'n plaasvervanger hê omdat hy dan self van rondreisery vrygestel sou wees nie, maar veral ook omdat hy planne met betrekking tot die pers gekoester het. Hier is van die bande wat hom aan Daan verbind: die Woord van God en die Afrikaanse woord!

In sy laaste lewensjaar sien ds. Du Toit dinge skerp. „Ons mense is diip, diip onkundig in geestelike sake; ons mense lees te min en betaal te sleg.”

*Stemmen des Tijds* se aantal intekenare styg wel en die preekbundel *Die Huiskerk*, word op afgeleë plase in die Vrystaat en die Kaap baie gebruik; maar wat lees die mense verder? Ds. Du Toit dink aan 'n — en let op die predikate wat hy gebruik; — ‚degelike en onpartydige’ weekblad op Christelike grondslag. Hy het raak gesien dat die „neutrale” pers besig is om in die gesinne in te dring.

iHerdie wens van ds. Du Toit het tot nogtoe onvervuld gebly. Hyself was aan die einde van sy lewe nie meer 'n persona grata wat soiets by 'n uitgewer kon regkry nie. Selfs *Stemmen des Tijds* het hom nie lank oorleef nie. Dit is nie voldoende dat ons foute en eensydighede by ds. Du Toit aanwys nie. Sy doelgerigte pleit vir die *Gereformeerde waarhede in die Afrikaanse taal* bly ook nog ons roeping. Of is ons bang vir „felerlij drukte”?

C. van der Waal.

#### GERAADPLEEGDE LITERATUUR

- J. A. S. Oberholster. *Die Gereformeerde Kerke onder die Krus, Hul Ontstaan en Ontwikkeling*, Kaapstad/Pretoria 1956.  
J. D. du Toit. *Ds. S. J. du Toit in Weg en Werk*, Paarl 1917.  
P. J. Nienaber. *Ds. S. J. du Toit, Die eensame Ismael*, Pretoria 1940.  
J. P. Jooste. *Die Geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859-1959. Stemmen des Tijds*, deel VII, 1911.